

## Die waarde van fiksie vir wetenskap (oftewel Die Oorvleueling van die tweeling)

Ons dink aan feite as die wêreld van die werklikheid en die wetenskap. As dit, wat empiries, met ander woorde deur eksperiment of deur die toepassing van formules, bewys kan word as vasstaande. As dit wat bestáán.

En ons dink aan fiksie, die geskrewe woord sowel as rolprente, as die wêreld van die verbeelding, as 'n opgemaakte wêreld, een wat nie bewys kan word dat dit gebeur het nie, en wat dus nie regtig bestaan nie –, maar wat ons nog steeds kan ervaar asóf dit werklik is.

Die een wêreld is die is-wêreld, en die ander een is die asof-is-wêreld. Maar ek wil aantoon hoedat die is-wêreld óók maar net 'n asof-wêreld is, en die asof-wêreld inderdaad ook 'n is-wêreld is.

Die opvoeding in Suid-Afrika het nogal sterk oor na die sogenaamde wetenskappe as belangriker as die geesteswetenskappe, laasgenoemde wat velde soos filosofie, sosiologie asook die letterkunde van fiksie insluit.

Van al die geesteswetenskappe is die skep van fiksie die verste weg van die veronderstelde wetenskappe. Wat al hierdie velde van die geesteswetenskappe in gemeen het, is dat dit die *gronde* en begroning van feite, en die aard van waarneming en denke ondersoek.

Opvoeders wat wetenskap bo die geesteswetenskappe plaas as belangrik, besef nie altyd dat die gronde van wat ons as 'n wetenskap sien, nie sommer net klakkeloos as 'n feitlike ondersoek aanvaar kan word nie. Die feit het 'n geskiedenis, en boonop een wat so vinnig soos die wêreld se weersomstandighede aan die verander is.

Boonop word feite self so vinnig vervang deur nuwe feite, dat feite in hul enkelheid feitlik onbelangriker word by die dag. Wat van meer belang blyk te wees, is die patrone van die vervanging, en die patrone van kennisoordraging, die patrone van feitverandering. Dis deeglike kennis van hierdie patrone wat van 'n student 'n intellektueel kan maak, nie soseer kennis van afsonderlike feite nie. Met ander woorde dit is nie kennis as feite wat belangrik is nie, maar kennis as *'n kultuur van weet*.

Dis vergelykbaar met weerpatrone wat belangriker is as die feit dat daar straks 'n donderstorm gaan heers.

Om sin te maak van 'n kultuur van weet, en nou praat ek spesifiek ook van daardie deel van die weet wat as wetenskap beskryf word – ruimtewetenskap, kwantumfisika, chemie, bevolkingsyfers, wiskunde, et al – moet die voortdurende gronde van wat “weet” is ondersoek

en herondersoek word. Dit is nie vasstaande gronde nie, en dis gronde wat inkrimp en uitsit volgens die gereedskap wat deur middel van ons verbeeldings aan ons beskikbaar word.

En, dit bring ons by filosofie, en by die ander belangrike aktiwiteite van *bespiegeling*, onder meer die bespiegelings gevind in fiksie.

Ek het nou die ooreenkoms tussen feite en bespiegeling uitgelig: verbeelding. Nou kan jy sê, nee dit is nie waar nie, feite maak staat op bewysbaarheid, nie verbeelding nie. Maar, die punt is die omskrywing van wat dit beteken vir iets om bewysbaar te wees, dit het verander. En, laasgenoemde, daardie omskrywing, kan nie noodwendig self bewys word nie, slegs beredeneer word. Slegs *verbeel* word.

So, die bewyskunde is in 'n krisis. Die feit se lewensverwagting het drasties afgeneem, so “die feit” is ook in 'n krisis. Al wat toeneem is ons gereedskap van die verbeelding en die beredenering. Die histories “afvallige” modusse het sterker geword, soos kuns, en die betroubare modusse, soos wetenskap en empiriese bewyskunde, wankel. Dus kom “feite” self op dié wyse na aan die aard van projeksie, aan veronderstelling – kom dit nader aan die wese van fiksie.

Dink maar aan die tese van die veelvoudige gelyktydige heelalle waarin individue volgens veronderstelling verskillende weergawes van hul eie lewe lei, in ontelbare weergawes, die sogenaamde *multiverse*, wat hipermoderne kwantumfisika is: Dis streng wetenskaplik beredeneer, in die fynste besonderhede logies en matematies uiteengesit, maar dit kan nie empiries bewys word nie.

Matesis op sy beurt is ook 'n vak van bedinkte formules, waarvan die meer komplekse formules glad absoluut niks aan enige iets in die herkenbare realiteit herinner nie. Dit beteken egter nie dat sulke formules niks met die herkenbare realiteit te doen nie.

Daar was 'n tyd, tydens die hoogbloei van die moderniteit, toe gesê is die mens is uiteindelik van geloof bevry, want nou kan dinge bewys word. En nou is ons van die uitsluitlike mag van die bewyskunde bevry. So die vraag is wat bly oor om ons vertrou in te plaas?

Die antwoord is: in iets wonderliks. Moenie bevrees wees nie. Ons moet ons vertrou stel in die oopsluiting van die geheime, en die geheime is deels feit en deels fiksie Die belewenis van fiksie is nié onwerklik nie, dis 'n werklike belewenis, net soos die belewenis van die feit. En die feit is eweneens onderhewig aan verbeeldheid.

In haar opstel, in Engels vertaal as *Descendants of the Secret* deur die hedendaagse Duitse digter Sylvia Geist, waarin sy as digter wat ook onderlê is in die studie van chemie, die skrywer Vladimir Nabokov aanhaal: “There is no science without fancy and no art without fact.”

Seker die grootste verskil tussen die liriese poësie en die wetenskappe is dat eersgenoemde die grootste moontlike subjektiewe waarhede probeer beskryf en laasgenoemde is 'n streng strewende daarna om objektiewe (lees: nie afhanklik van die individu nie) waarhede te beskryf. Maar is hierdie verskil werklik so groot? Kom ons kyk.

In die genoemde opstel deur die digter Geist verwys sy na 3-D prentjies, en wat presies daar gebeur met die brein. Die 3-D prentjie het werklikheid geword eers nadat die brein sy fokus verander het, en daarmee saam sy ingesteldheid, en daarmee saam sy plastiese samestelling, want die brein word voortdurend herskep deur sy aktiwiteite. Die brein flous homself en sodoende haal hy iets heel nuuts, 'n nuwe werklike ding, uit die omringende *Wimmelbild* ("wemelbeeld") van die wêreld. Die digter skryf:

[P]oetry can [now] approach science like one celestial body [...] approaches another on their orbit *around a third object* [my kursief].  
[This is a] view which doubts the viewer and his visual habits AND doubts the pre-given [...] and responds with *As if*.

Beide wetenskap én poësie word nou 'n "asof", en hulle wentel nou saam om 'n nuwe, gedeelde son, wat genoem word Asof. Ons is hier terug by iets wat Immanuel Kant eeue gelede gepostuleer het: dat 'n ding slegs in sy aanskyn kenbaar word, sy wesenlikheid of essensie bly onkenbaar.

Wag 'n bietjie, kan mens sê, die wetenskap werk tog met eksaktheid, die eksakte formule. Waar kry jy dít in fiksie en poësie? Laasgenoemde is vaag, en mens eindig die lees van 'n goeie gedig dikwels deur nie alles daarvan altyd te verstaan nie. Hierop ek twee antwoorde: Die skryf van 'n gedig het inderwaarheid met hoë vlakke van eksaktheid te make. En die wetenskap? Ek haal aan uit die genoemde opstel:

Under the Atomic Force microscope, an atom does not look like in the Rutherford model, in which neatly arranged "shells" are grouped in rings around the nucleus. It's energetic reality is complex, hypermovable, and so ambivalent that one is content to speak of the "presence probabilities" of the particles. Reality reveals itself to a degree at which it blurs before our eyes.

*Reality reveals itself to a degree at which it blurs before our eyes.* Die kernwoord hier is "blur", 'n verwasigde of verwarrelde beeld. In sy essensie

verwarrel en verwasig die wetenskaplike werklikheid, ondanks al die eksaktheid wat betrokke is. Of, juis, as gevolg van die eksaktheid.

En ja, die wasigheid sál langsamerhand meer definisie kry. Maar nie noodwendig net een definisie nie. Dink aan die Periodieke Tabel. Hoeveel mense weet dat daar meer as een is? Natuurlik het wetenskaplikes geleidelik die bruikbaarste een gekies, gegrond, by wyse van vergelyking, op “die beste 3-D prentjie” waarop hul breine reeds ingestel was ...

En so ook sal die briljante “wasige” gedig ook meer definisie kry. Hou maar net aan om dit by herhaling en herhaling weer te lees ... Liewe leser, daardie soort lees word eksaktheid genoem.

Of wag, kan mens ook iemand hoor sê, poësie werk tog met metafore, en die wetenskap gaan oor die ding self. Regtig? Nee, die wetenskap werk juis met modelle van die werklikheid, wat niks anders is as metafore nie. En dit werk met formules? Is 'n formule nie ook 'n soort metafoor nie?

Ek dank u vir u aandag.

